# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad** **Gereformeerde Kerk Orania** **November 2014**

| **Eredienste** | **Bybelstudie** | **Katkisasie** |
|---|---|---|
| **Sondae**: Oggend: 10:00; Aand: 18:00 | Woensdae: 19:30 | Sondae: 9:00 |

**Posadres:** Posbus 175, Orania 8752; **Skriba:** Oudl. Gert Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985
**Attes. Skriba:** Oudl. Gert Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985 e-pos: glerasmus@oranet.co.za

***Skrifoordenking***

## "EK MOET WEET HOE GROOT MY ELLENDE IS" – HK Vr. 2

Dr S.J. van der Walt (Uit die vaste Fondament)

Lees: Heidelbergse Kategismus Sondag 1
Teks: Matt.9:12: *"Maar toe Jesus dit hoor, sê, Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is"*

Om te kan begryp hoe groot die saligheid is wat ons in Christus Jesus besit, moet ons eers 'n duidelike besef hê van die grootheid van ons sondes en ons ellende. Hier word van sondes gepraat om ons te laat voel hoe *baie* sondes daar in ons lewe is. Ons stapel die een sonde op die ander, totdat hulle naderhand hemelhoog is. Daar is meer as wat ons kan tel of opnoem: sondes van gedagtes, woorde en dade. Ons doen soveel dinge wat ons nie moes gedoen het nie. Ons doen nie 'n enkele ding op 'n volmaakte wyse nie. Ons ganse lewe is gebrekkig en verdraaid. Ons struikel daagliks, ja, elke oomblik. En dit is juis ons ellende. Ellende beteken soveel as uitlandig, dus weg, van ons vaderland af. Ons vaderland in geestelike sin is die hemel of die paradys. En daar is ons deur ons sonde uit verdrywe. Ons is vervloek van voor God se aangesig en die mens swerwe nou op aarde rond soos 'n Kain van ouds. Van nature is ons bannelinge wat niks besit nie. Ons leef ver weg van God en ons Vaderhuis af. En ons dwaal nog steeds verder in die woestyn van sonde. En *so* sterf ons dan eindelik eensaam en verlate op die vlaktes van verlorenheid. Ons sink weg in die ewige dieptes van ellende, in die swarte·afgrond van die verderf.

Ja, waarlik, die mens is ellendig. Sonder Christus is hy ook sonder God en sonder hoop in die wêreld (Efes. 2 : 12). Juis omdat hy so. naby God was in die Paradys en as 'n kind met sy hemelse Vader so innig gemeenskap gehad het, daarom is hy nou as 'n afgevallene die, ellendigste van alle skepsele. As 'n beelddraer van God kon hy opgeklim het tot ongekende en onpeilbare hoogtes van geluksaligheid. Maar juis ook daarom kan hy dieper val as enige ander skepsel. Hy is vatbaar vir groter ellende as enige ander wese wat God gemaak het.

En nou is dit nog die grootste van al sy ellende dat hy sy eie ellende nie ken nie. Hy leef in 'n roes van ingebeelde geluk wat nie bestaan nie. Hy is met homself tevrede en probeer sy eie heil uitwerk op aarde. Hy meen dat hy God nie nodig het nie en gaan also met aapoë die graf en die verderf tegemoet. Hy dra die sondekanker in hom en weet daar nie van nie. Hy is melaats van die sonde en meen dat hy gesond en sterk is. Daarom moet ons God steeds bid om ons aan onsself te ontdek, om ons oë oop te maak vir die verskriklike toestand waarin ons is. Eers wanneer ons 'n blik gekry het in die graf en die hel waarheen ons op pad is, sal ons skrik en bewe en God se genade in Christus aangryp. Daar is niks gevaarliker as om valslik gerus voort te lewe nie. Mag God deur sy Gees ons oë betyds oopmaak !

Saam met die Psalmdigter moet ons gedurig bid: "Deurgrond my, O God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes ;en kyk of, daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg" (Ps. 139 :23,24). Dis eers wanneer die Son van Geregtigheid oor ons opgaan dat ons werklik onsself leer ken en skrik vir ons ellende.

* * * * * * *

**Gelukwensing**

**Verjaarsdae:** Hartlik geluk aan die volgende br. en sr met hulle verjaarsdae in November: Herman Havenga die 2de; Rina de Meyer die 27ste.

* * * * * * *

### Lief en leed

**Dood**: Br. Frans Pretorius se skoonseun is die naweek op pad huis toe in 'n motor ongeluk op slag dood. Ons wil hom en sr. Marie en sy dogter Adri wie se man oorlede is, en die res die gesin van ons innige meelewe verseker. Mag die Here Sy troos wat alle verstand te bowe gaan skenk in hierdie tyd van droefheid.

* * * * * * * *

# SKRIF EN BELYDENIS

## 'n Huwelik met Belhar is die begrafnis vir Dordt!

*Ds. Petrus Venter*

Daar is onlangs groot gewag gemaak dat die NG Kerk se sinode van Wes- en Suid-Kaapland die belydenis van Belhar met 'n groot meerderheid aanvaar het. Volgens dieselfde berigte is die kerkordelike proses nou behoorlik in die NG Kerk aan die gang gesit dat hierdie belydenis as 'n “vierde belydenisskrif aanvaar kan word”. In die konteks van hierdie spesifieke uitspraak soos deur die besluit van betrokke sinode veronderstel, is die ander drie belydenisskrifte wat in alle geval nog deur die NG Kerk aanvaar word, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Spesifieke uitsprake op hierdie jongste Wes-Kaapse sinode het weereens aangetoon watter betekenis die handhawing van hierdie belydenis selfs vir blye sinodegangers ingehou het. Daar is weereens beklemtoon dat die hoofdoel waarby hierdie belydenis ons as kerke by wil uitbring, gaan oor eenheid, versoening en geregtigheid. Die assessor van die genoemde Wes-Kaapse sinode, dr Van Rensburg, het volgens persberigte sy dankbaarheid rondom die aanvaarding van hierdie belydenis baie duidelik wou stel. Hiermee het hy homself dan so rondom Belhar verenig dat die kerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis wat leer dat *alle mense voor God gelyk is en dat daar aan almal reg moet geskied.* Hierdie is 'n uitspraak heeltemal in stryd met die Dordtse Leerreëls en in waarheid die wese daarvan aantas.

Wanneer aanvaar word dat dr. Van Rensburg se getuienis met die belyers van Belhar ooreenstem en dat hierdie oortuiging op die sterkste moontlike wyse by wyse van 'n belydenisskrif uitgedruk moet word, dan het ons as kerke wat onsself nog altyd op die sterkste wyse aan die Dordtse Leerreëls gebonde wou ag, ons vasgeloop. **Die verskille tussen Belhar en die Dordtse Leerreëls is ingrypend en iemand wat in alle opsigte met al twee hierdie belydenisskrifte eerlik mee sal wil omgaan, het eintlik 'n gereformeerde kruispad bereik.** Sekere uitsprake uit die Dordtse Leerreëls waarvan net 'n seleksie aan u getoon word (tien voorbeelde!) bring duidelike spanning met Belhar, wat eintlik dan beteken die voorgenome “huwelik” met Belhar is eintlik maar die “begrafnis” van die Dordtse Leerreëls!

| Dordtse Leerreëls | Belydenis van Belhar | |
|---|---|---|
| 1. 3. Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap **na wie Hy wil en wanneer Hy wil**. **Deur hulle diens** word die mense **geroep tot bekering en geloof** in Christus, die gekruisigde. | 2.(b) Ons glo dat die versoeningswerk van Christus **sigbaar word** in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat **met God en onderling met mekaar versoen is**; | 1 |
| 1.7. Hierdie uitverkiesing is 'n **onveranderlike voorneme** van God. Daarvolgens het Hy nog **voor die skepping** 'n sekere aantal mense **uit die hele menslike geslag uitverkies**. Hierdie **menslike geslag** het deur **hulle eie skuld** van hulle oorspronklike ongeskondenheid in sonde en verderf verval. | 2 (c) dat die **eenheid** van die kerk van Jesus Christus daarom **gawe én opdrag** is; dat dit **''n saambindende krag** is deur die **werking van Gods Gees** maar terselfdertyd **'n werklikheid is** wat **nagejaag en gesoek moet word**_en waartoe die volk van God **voortdurend opgebou moet word;** | 2 |
| 1.5**. Die geloof in Jesus Christus** en die saligheid deur Hom **is egter 'n genadegawe van God.**<br>6. Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die **geloof skenk** en aan ander dit nie skenk nie, **volg** uit sy **ewige besluit** | 2 (d) dat hierdie eenheid sigbaar moet word **sodat die wêreld kan glo.** | 3 |
| 1.6. .Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige **onderskeiding** tussen die mense wat **almal ewe verlore is.** | 2 (d) .dat **geskeidenheid,** vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe **sonde is** wat reeds deur Christus oorwin is en dat **alles wat die eenheid mag bedreig**, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, **maar bestry moet word;** | 4 |
| 1.7. Daarvolgens het Hy nog **voor die skepping** "n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag **uitverkies**. Hierdie menslike geslag het deur hulle **eie skuld** van hulle **oorspronklike ongeskondenheid, in sonde en verderf verval**. Die uitverkorenes is dus nie beter of waardiger as die ander nie**, maar verkeer saam met die ander in die gemeenskaplike ellende**. Nogtans het Hy hulle, uit **volkome vrye welbehae van sy wil** en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies. | 2 (e) dat hierdie **eenheid van die volk van God** op 'n verskeidenheid van maniere **sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees**, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen**; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee**; daarin dat ons **een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deur drenk is** | 5 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6. Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik **- hoe verhard hierdie harte ook al mag wees - en buig hulle om tot geloof.** Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. | 3 (d) dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die **heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word** indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak. | 6 |
| 1.10. **Die oorsaak** van hierdie genadige uitverkiesing is **inderdaad slegs die welbehae van God**. Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike **hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie.** | 3 (e)dat **enige leer** wat **sodanige gedwonge skeiding** vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie **wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie,** maar uit **vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.** | 7 |
| 1.4. Die toorn van God **bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie**. Hulle wat die evangelie egter **aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe (Joh 3:36; Mark 16:16).**<br>*Verwerping van dwalings 2.5* . Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: **Alle mense is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem**<br>3/4.7Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar **die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, het Hy dit aan meer mense geopenbaar.** | 3 (f) Daarom **verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense** op grond van ras en kleur in so ‘n situasie sanksioneer en **daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.** | 8 |
| 1.5. Die **geloof in Jesus Christus** en die **saligheid deur Hom** is egter 'n **genadegawe van God.** | 2 (b) Ons glo dat die **versoeningswerk van Christus sigbaar word** in dié kerk as geloofsgemeenskap **van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;** | 9 |
| 1.4. Die toorn van **God bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie.** Hulle wat die evangelie **egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos**, en Hy skenk hulle die **ewige lewe** (Joh 3:36; Mark 16:16) 3/4.16 Die genade maak die **wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig.** . Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, **begin ’n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil.** | 2 (e) dat **hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet.** 2 (f) dat hierdie **eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie**; dat die **verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur**, **vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;** | 10 |

**Volgende keer verder**

* * * * * * * *

# DIE KLEIN MENS – DIE GROOT AMP (5)

Prof. VE d’Assonvile (Uit *Kerk en Tydsgees*, 1990)

### “Verlos ons van die preektoon ...”

Persoonsverheerliking waarin die mens alles is, is altyd afgodery. Die Bybel verfoei eersug. Dit is 'n “siekte” onder mense, ’n aansteeklike epidemie wat daagliks sy duisende neervel. Eersug en mensverheerliking kan die mooiste in ’n samelewing verwoes. Mensediens kan die pragtigste verhoudinge versteur.

Ja, persoonsverheerliking is afgodery! Maar nêrens is dit so gevaarlik as in die *kerk* nie. Dit kan selfs ’n gemeente laat sterf. As lidmate hulleself soek om aansien te geniet, dan is dit erg. As ampsdraers in die kerk eersugtig word, dan word dit onhoudbaar.

Eersugtige ouderlinge maak die stem van die Goeie Herder stil en die skape raak verstrooid. Alreeds in die eerste eeu moes die apostel Johannes die gemeente teen so ’n eersugtige ouderling waarsku en hy noem selfs sy naam: Diotrefes, “wat onder hulle die eerste wil wees” [3 Joh. 1:9]. Ter wille van eie eer, lyk dit of hy selfs Johannes se briewe aan die gemeente nek omgedraai het. En waar die dominee nie by is nie, vaar hy met slegte woorde uit [vers 10]. Hierdie voorste ouderling handhaaf selfs sy eie soort “tug” as hy broeders uit die gemeente “uitwerp”. O, hoe kerkverwoestend kan die optrede van eersugtige ouderlinge tog wees!

Maar wat van ons predikante? ’n Predikant wat sy eie eer soek en nie bo alles die eer van God nie, ruïneer die kerk so ver as wat hy gaan. Met sy preke word hy die aandagtrekker. In die samelewing is hy die populêre kêrel. Rondom sy persoon dra hy 'n stuk wêreld die kerk in. En baie lidmate is nogal opgenome met hierdie “oulike” predikant met wie daar by die ander kerke se mense kan gespog word – die ideale sosiale leier.

Die grootste ellende kom egter op die preekstoel. As eersug dáár oorneem, dan word dit by al die elektriese ligte donker in die kerk. Dit kom tog altyd ten eerste daarop aan WAT die dominee preek. So oud soos wat die kerk is - eeue en eeue - moet dit maar altyd weer vir die gemeente gesê word: Dit gaan nie oor die mooi redevoerings, die gloedvolle improvisasies, die skitterende gedagtebou, die retoriese vernuf nie. In die kerk word dit dikwels patetiese bombasme.

In hierdie uiterlike vertoon as prediker, het die apostel Paulus byvoorbeeld maar sleg afgesteek by die heidense filosowe. Hy het nie na die gemeente “met voortreflikheid van woorde” gekom nie [1 Kor. 2:1]. Sy preke “was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag” [vers 4].

Calvyn, een van die grootste predikers van alle tye – omdat hy God se Woord gepreek het! – het maar ’n swak, power figuur op die preekstoel geslaan. “Hy het nie die minste grasie gehad nie en op die kansel selfs nie eens gebare gemaak nie”, verklaar De Raemond, die bekende historikus kort na die Hervorming. Hierdie voorloper op die pad van die Gereformeerde kerk; wou nie eens 'n grafsteen vir sy graf hê nie sodat ons vandag nie eens weet waar sy graf is nie.

Moet ons dan die gawes wat God aan predikers en ouderlinge en diakens gegee het, verag? Nee, gladnie! Van Apollos, Paulus se kollega word gesê dat hy ’n “begaafde spreker” was [Hand.18:24] en die Here het hierdie spreekgawes wonderlik in die kerk gebruik. En God doen dit vandag nog waar hy dit wil doen ter wille van Sy Koninkryk. Maar die belangrikste wat van Apollos gesê word, is nie die saak van sy welsprekendheid nie, maar dat “hy was magtig in die Skrifte was” .

Die “vertoon” op die preekstoel word dikwels ’n “toon” wat die predikant aanslaan. Dan gaan dit nie meer om die egte Skrifwaarheid nie, om die suiwer Woord nie, maar om die indruk wat die persoon maak. Van hierdie soort “preektoon” waar dit gaan om die mens, het die Nederlandse digter De Genestet in die vorige eeu ’n gebed laat hoor:

“Verlos ons van den preektoon Heer, Geef ons natuur en waarheid weer.”

Mensverheerliking in die kerk? Eersug? Ons is maar klein, nietige mense, maar ons dra ’n groot, heilige amp. Waarom? “ Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie. ” [2 Kor. 4:7].

God alleen moet verheerlik word. “Soli Deo gloria” – dis die slagspreuk van die Gereformeerde belydenis en kerke.

* * * * * * * *

***Grepe uit die kerkgeskiedenis***

## *Gebeure in Nederland en Engeland wat ’n invloed op die kerk in die Kaap sou hê*

## Die Afskeiding in Nederland (8)

**Druk vir sommige te veel**

In 1838 word die druk vir ds. Scholte te veel, hy gee toe, hy wil rus. Vir ŉ pot lensiesop verkoop hy sy eersgeboorte reg. Verskeie gemeentes volg sy voorbeeld. Vir ds De Cock en die wat bly vas staan, word dit al moeiliker. Die druk op hulle neem toe.

**1840 en verder**

Toe koning Willem II sy vader, Willem I, in 1840 opvolg, het hy hom onmiddellik uit die regeeramp van die kerk onttrek, maar die bestuursinrigting het gebly. Die afgeskeie Gereformeerdes bly maar steeds ŉ veragte groepie, met baie probleme. Eers in 1841 sou die owerheid hulle erken.

In 1842 het sewe Haagse here by die sinode aangedring om ŉ uitspraak oor die vrysinnige Groninger rigting te gee en wel op ŉ byeengeroepte verteenwoordigende sinode. Hierdie versoek word ter syde gestel – soos ons sou sê “van die tafel gevee”. Eers met die Februarie-rewolusie in 1848 is die grondwet gewysig – die kerk het vry geword om sy eie sake te reël.

**Uitwyk na Amerika**

Toe daar in die 1840-tigs ook nog misoeste, honger en gebrek kom, was baie moeg vir die ellende en het besluit om na Amerika te trek vir brood en vryheid. In 1846 trek ds Van Raalte as leier, met 'n groep mense na Amerika en in 1847 volg die tweede groep met ds Scholte as leier. Die emigrante het die eerste klompie jare maar baie swaar gehad. Mettertyd het hulle aangepas in hul nuwe omstandighede en vooruit gegaan en die *Christian Reformed Church* (CRC) in Amerika gevorm en oor die land versprei. Meer as 100 jaar later het die CRC op 'n sinode besluit dat hulle vrede maak met die [onbybelse] ewolusieleer en het dit aanvaar. Sowat 60 gemeentes het toe weggebreek en die *United Reformed Churches in North America* [URC versprei oor die VSA en Kanada] gevorm omdat hulle by die Bybelse waarheid wou bly. (Met beide die USR & die CRC het die GKSA tans enger bande).

**In Nederland**

Erger nog as die vyandheid van buite, was die onderlinge verdeeldheid wat vir 'n aansienlike aantal jare die afgeskeie kerke verskeur het.

Di. Ledeboer en Budding is weldra oorlede. Hulle was vroom manne met 'n brandende erns vir die saak, maar het nie ernstig gevoel oor 'n kerkverband nie. Uit hulle volgelinge het die gereformeerde gemeentes voortgekom, waarvan een deel deur ds G.H. Kersten weer in Afgeskeie kerkverband terug gebring is.

Ds. Scholte (wat meer piëtisties en independisties as gereformeerd was) het met ds Van Velzen in konflik gekom en hom beskuldig van: “gij verkondigt een geraamte van leerstellige waarhede, Zonder de levende Christus” (wat nie regtig waar was nie, maar hulle siening oor sekere sake het verskil).

So het verskille telkens opgevlam. Daar was groot verskille oor die vrae van doop en verbond en kerkreg. Ook geen wonder, die gereformeerde leer en die gereformeerde kerkreg is so lank al nie gedoseer by die Nederlandse Universiteite nie dat hulle dit nie reg geken het nie.

By die Afgeskeie predikante was daar verskil in aksent: di De Cock en Van Velzen kom uit die noorde en was meer dogmaties (leerstellig) aangelê; die ander kom uit die suide en was meer gemoedelik. Ds. Brummelkamp, 'n begenadigde en blymoedige Christen, het 'n Evangelie van louter genade met blydskap verkondig. Hy hoor toe van die “swaren” se kant dat hy veel te “licht” was, wat 'n skeuring tot gevolg het waarby die Gelderse gemeente hulle om Brummelkamp skaar.

Daar word oor kleinighede gekibbel: Sommige eis dat predikante met “steek (hoed op 2 of 3 plekke opgeslaan) en korte broek” op straat moet verskyn; ander dat die Psalms van Datheen gesing moes word, omdat hulle suiwer was teenoor die vrysinnige 1773-beryming; daar was teenstanders teen 'n wetenskaplike opleiding van predikante, omdat hulle van/deur die Here geleer moet word.

In daardie jare het die afgeskeidenes nog las van hul afkoms, nl uit die kring van die geselskappe of Réveil – die gereformeede waarheid was daar wel bewaar, maar soms onduidelik.

Die atmosfeer van sommige afgeskeie kerke verskil nie veel van dié van die Hervormde kerke, veral op die Veluwe, in Zeeland en op die Suid-Hollandse eilande nie. Hulle het hulle bekommer oor die nood van hul siele, maar oor die wêreld en die kerk in geheel te weinig. Hul Sondagsheiliging was baie streng: in sommige streke is bed-opmaak op Sondag verbode, so ook kos-gaar-maak. Op Sondae mag jy nie op straat wees nie behalwe om kerk toe te gaan, jy mag nie eers na buite kýk nie, daarom is die gordyne op Sondae toegetrek gehou – geen geleentheid vir versoeking nie. Dit het laat dink aan Jes.28:10**:** “...dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie”. Met al hulle reëls/tradisies is die oorleweringe van die ou mense (Matt.15:2), wat nie uit die Bybel kom nie, hoog geag. Teen hierdie tradisioneel sg. “aanvaarbare”-gees het di. Van Velsen, Brummelkamp en Lindenboom en ander met krag gestry (ds. De Cock was al oorlede, op 14 Nov.1842, en kon nie meer in die stryd vir die waarheid tree nie).

'n Belangrike stap in die ontwikkeling van die gereformeerde lewe, was die oprigting van die Teologiese skool in Kampen in 1854. Hierdie skool het eenheid in die opleiding van predikante in die ware leer en lewe gebring en ook meer eenheid in die afgeskeie kerke. Ds. Dirk Postma wat uit die Afgeskienes was en in 1858 na Suid-Afrika gekom het, was 'n sterk yweraar vir hierdie skool.

In 1969 verenig byna alle kerke wat in 1834 uiteengegaan het tot die *Christelijke Gereformeerde Kerk* en die naam “afgeskeidenen” is nie meer gebruik nie. Hulle is nou die voortsetting van die Gereformeerde Kerk wat Hendrik de Cock voor gestry het, en voortsetting van die Kerk van 1618-1619 (Dordtse Sinode).

In 1892 vind die vereniging van die kerke van die Doleansie 1886 onder Abraham Kuyper met 'n groot deel van dié van die Afskeiding in 1834 plaas en sou bekend staan as die *Gereformeerde Kerken van Nederland.*

Die oorblywende Christelike Gereformeerde Kerke het voortgegaan en hul teologiese skool in Appeldoorn opgerig waar dit vandag nog is.

(K. Norel, *Een Vaste Burg*, 1951:150-151; V.E. d'Assonville:191,192)

(volgende keer verder)

* * * * * * * *

# Ekonomiese statistiek deur Solidariteit se Navorsingsinstituut:

- Die totale bevolking van Suid-Afrika is 50 miljoen mense
- Die persoonlike nasionale inkomstebelasting word betaal deur 3.2 miljoen mense d.w.s. 6.4% van die totale bevolking.
- Gereelde Maatskaplike Welsynstoelae word uitbetaal aan 15.5 miljoen mense of 31% van die bevolking.
- Meer as 60% van die korporatiewe [maatskappy] belasting, word deur net 1% van die maatskappye betaal.
- Meer as 80% van die belastingbetalers stem nie vir die ANC die regerende party nie.
- ’n Geraamde 70% van die stemmers wat die ANC ingestem het, is werkloses.

Hierdie statistiek bevestig dat Suid-Afrika ’n sosialistiese staat is. Die owerheid en nie die gemeenskap nie, moet vir die armes sorg. Hierdie welsyn is nie die gevolg van liefdadigheid nie, maar gewettigde diefstal.

Dit is ook duidelik onafwendbaar dat die las op die belastingbetalende burger al swaarder gaan druk totdat die eend nie meer kan eiers lê nie. Uiteraard ontneem dit die produktiewe burger die inisiatief tot produksie enersyds en bevorder dit werkskuheid by die bevoordeelde wat ontvang sonder om te werk. Dit is ’n deurvoering van die akte van menseregte wat die reg van almal tot ’n ‘regmatige’ deel in die rykdom van die land statutêr afdwing. Die Here se opdrag om te “bewerk en te bewaak” (Gen.2:15), en ook “... as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie” (2 Thess.3:10) word nie net, nie gehoorsaam nie, maar geminag.

* * * * * * * *

# WESTMINSTER CONFESSION OF FAITH (20)

**[AFKORTINGS: NGB = Nederlandse Geloofsbelydenis; DL = Dordtse Leerreëls; HK = Heidelbergse Kategismus]**

## <u>HOOFSTUK 20</u>: OOR DIE CHRISTELIKE VRYHEID EN VRYHEID VAN GEWETE

1. Die vryheid wat Christus vir sy gelowiges onder die evangelie verwerf het, bestaan in hulle vryheid van die sondeskuld, die veroordelende toorn van God en die vloek van die sedelike wet [a]; en in hulle bevryding van die teenswoordige bose wêreld, die binding van satan en die heerskappy van die sonde [b], van die kwaad van aanvegtinge, die angel van die dood, die oorwinning van die graf, en die ewige verdoemenis [c]; en ook in hulle vrye toegang tot God [d], en hulle toegewende gehoorsaamheid aan Hom, nie uit slaafse vrees nie, maar uit kinderlike liefde en 'n gewillige gees [e]. Van dit alles was die gelowiges onder die wet ook deelgenote. [f]; maar onder die Nuwe Testament is die vryheid van die Christene verder vergroot in hulle vryheid van die juk van die seremoniële wet, waaraan die Joodse kerk onderworpe was [g], en in 'n groter vrymoedigheid van toegang tot die troon van genade [h], en in voller gemeenskap van die vrye Gees van God, meer as waarvan die gelowiges onder die wet gewoonlik deelgenote was [i].

   [a] Tit. 2:11; 1 Thess. 1: 1 0; Gal. 3:13. [b] Gal. 1:4; Kol. 1:13; Hand. 26:10; Rom. 6:14. [c] Rom. 8:28; Ps. 119:71; 1 Kor. 15:54-57; Rom. 8:1. [d] Rom. 5:1, 2. [e] Rom. 8:14,15; 1 Joh. 4:18. [f] Gal. 3:9, 14. [g] Gal. 4:1-3, 6:7; Gal. 5:1; Hand. 15:10, 11. [h] Heb. 4:14, 16; Heb. 10:19-22. [i] Joh. 7:38, 39; 2 Kor. 3:13, 17, 18.

2. God alleen is Heer van die gewete [j] en het dit bevry van die leringe en gebooie van mense, wat in enigiets strydig is met sy Woord of daarnaas in sake van geloof of erediens [k]. Om sulke leringe te glo of sulke gebooie ter wille van die gewete te gehoorsaam, is om die ware vryheid van gewete te verloën [l]; en die vereiste van 'n volkome vertroue en 'n absolute en blinde gehoorsaamheid, is om die vryheid van gewete asook die rede daarvan te vernietig [m].

   [j] Jak. 4:12; Rom. 14:4. [k] Hand. 4:19; Hand. 5:29; 1 Kor. 7:23; Matt. 23:8-10; 2 Kor. 1:24; Matt. 15:9. [l] Kol. 2:20, 22, 23; Gal. 1:10; Gal. 2:4, 5; Gal. 5:1. [m] Rom. 10:17; Rom. 14:23; Jes. 8:20; Hand. 17:11; Joh. 4:22; Hos. 5:11; Open. 13:12, 16,17; Jer. 8:9.

3. Hulle wat onder 'n voorwendsel van Christelike vryheid enige sonde doen of enige begeerte koester, vernietig daardeur die doel van die Christelike vryheid; dit is, dat ons vanweë ons verlossing uit die hand van ons vyande, die Here sonder vrees, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe kan dien [n].

   [n] Gal. 5:13; 1 Pet. 2:16; 2 Pet. 2:19; Joh. 8:34; Luk. 1:74, 75.

4. En omdat die magte wat God verorden en die vryheid wat Christus verwerf het, nie deur God bedoel is om te vernietig nie, maar om mekaar wederkerig te ondersteun en te onderhou; sal hulle wat onder voorwendsel van Christelike vryheid, enige wettige gesag of die wettige uitoefening daarvan teenstaan, hetsy burgerlik of kerklik, weerstaan die ordinansie van God. [o]. En hulle openbaarmaking van sulke gedagtes of handhawing van sulke praktyke, wat strydig is met die lig van die natuur of die bekende beginsels van die Christelikheid, hetsy met betrekking tot geloof, aanbidding of omgang; of met die krag van godsvrug; of sulke verkeerde gedagtes of praktyke, asof in hulle eie aard, of in die wyse van openbaarmaking of handhawing daarvan, is verwoestend vir die uiterlike vrede en orde wat Christus vir sy Kerk gevestig het; hulle kan wettiglik tot verantwoording geroep word [p]f en deur die sensuur van die kerk en die mag van die owerheid vervolg word [q].

   [o] Matt. 12:25; 1 Pet. 2:13, 14, 16; Rom. 13:1-8; Heb. 13:17. [p] Rom. 1:32; 1 Kor. 5:1, 5, 11, 13; 2 Joh. 10, 11; 2 Thess. 3:14; 1 Tim. 6:3-5; Tit. 1:10, 11, 13; Tit. 3:10; Matt. 18:15-17; 1 Tim. 1:19, 20; Open. 2:2, 14, 15, 20; Open. 3:9. [q] Deut. 13:6-12; Rom. 13:3, 4; 2 Joh. 10, 11; Esra 7:23, 25-28; Open. 17:12, 16, 17; Neh. 13:15; 2 Kon. 23:5, 6, 9, 20, 21; 2 Kron. 34:33; 2 Kron. 15:12, 13, 16; Dan. 3:29; 1 Tim. 2:2; Jes. 49:23; Sag. 13:2, 3.

(volgende keer verder)

* * * * * * * * *